e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 Mei 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 15

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die werking van die Heilige Gees – 'n voëlvlug

Die boek Handelinge beskryf die werking van die Heilige Gees op skouspelagtige wyse. Die werking word verder gesien in die invloed wat Christene in die eerste drie eeue uitgeoefen het – ver meer as wat hul getalle geregverdig het.

In hierdie periode het hul getalle van 120 met Pinkster tot 6,3 miljoen in die jaar 300 nC gegroei, terwyl daar ongeveer 60 miljoen mense in die Romeinse Ryk was. Die getal Christene het dus 'n skamele 9,9% van die bevolking uitgemaak. Tog het hierdie klein getal soveel invloed gehad dat Konstantyn in 313 nC die Christelike kerk as wettig erken het. Teen 381 nC is die Christendom as staatsgodsdiens verklaar.

Die opdrag in Handelinge 1: 8 het momentum gekry en die evangelie het versprei vanaf Jerusalem, Judea en Samaria op weg na die uithoeke van die wêreld. Aan die begin van die vorige eeu het 90% van die wêreld se Christene in Westerse lande gewoon, terwyl slegs 10% in die suidelike kontinente en die Ooste gewoon het. Laasgenoemde wêrelddele het die uithoeke van die aarde waarheen die evangelie geneem moes word, verteenwoordig. Tans is Europa sekulêr, terwyl 70% van die wêreld se Christene in die nie-Westerse wêreld woon. Daar is meer mense Sondae in die kerk in China as in die hele Wes-Europa.

Dit is juis die kerk in China wat 'n moderne getuienis bied van die werking van die Heilige Gees. Met Mao Zedong se oorname in 1949 het die geskatte aantal Christene in China ongeveer 2 miljoen beloop. Mao Zedong het die buitelandse sendelinge sistematies vervolg en verdryf. Senior kerkleiers is vermoor of tronk toe gestuur, terwyl alle tweede- en derdevlakleiers gevangenisstraf opgelê is. Alle byeenkomste is verbied, terwyl van die wreedste vervolging ooit teenoor Christene in die agtergrond gewoed het. Dit is in hierdie era dat die Chinese huiskerke begin het as ondergrondse beweging uit vrees vir vervolging.

Nadat die bamboesgordyn in die vroeë 80's gelig is, is sendelinge onder streng toesig toegelaat. Hulle het 'n klein verweerde oorblyfsel van die kerk verwag, maar het tot hul verbasing ontdek dat die getal Christene tot 'n geraamde 60 miljoen toegeneem het. Tans word die getal Christene in China op meer as 80 miljoen geraam. 'n Ongelooflike gebeure as in ag geneem word dat daar meestal net een bladsy van die Bybel vir 'n gesin beskikbaar was, en dat daar geen professionele kerkleiers of strukture was nie – en tog het die kerk skouspelagtig gegroei.

Steeds bly die uithoeke van die aarde wink. Die sogenaamde 10/40 venster wat die breedtegrade is waartussen die meeste Hindoes, Boeddhiste en Moslems woonagtig is, bly 'n uitdaging omdat net sowat 2,4% van alle sendelinge wêreldwyd, in hierdie onbereikte dele werk.

Om rekenskap te gee van die omvangryke werking van die Heilige Gees oor eeue heen, is 'n onbegonne taak omdat daar soveel nuanses van sy werking is wat 'n mens gewoon nie raaksien of kan bedink nie. Jesus se verduideliking aan Nikodemus waar die Gees met die wind vergelyk word, verdiep die misterie: *Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie.* Só word die Gees se werking sigbaar in die uithoeke van die wêreld – en dit vul ons met diepe verwondering!

Ds André Ungerer

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Dr Piet van Staden

Dr Jan Truter

Beroep ontvang

- **Dr Piet van Staden** (beroepafwagtend) na die Stellenbosch/Worcester-kombinasie

Beroep bedank

- **Dr Jan Truter** van Letsitele na Theresapark

Vakante standplaas

- **Gemeente Bothaville** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**, en nooi belangstellende predikante en proponente van die Hervormde Kerk om **voor of op 22 Mei 2010** 'n e-pos of faks te stuur aan **doutie@vodamail.co.za** of 056 515 2673. Meld asseblief u naam, aantal diensjare, ouderdom en kontakbesonderhede.

  Bothaville is 'n dinamiese plattelandse gemeente met nagenoeg 300 belydende lidmate. Die gemeente beskik oor 'n netjiese pastorie, en die NHSV is besonder aktief.

  Navrae kan gerig word aan die skriba, oudl Louwtjie Denner, by 083 273 2387, of die konsulent, ds Gert van Staden, by 082 777 6254.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Mev Petronella Hendrika Storm

Ds Thys Redelinghuys

- Mnr Frans Dreyer, **seun van emerituspredikant ds Thomas Dreyer**, is verlede week in die Libiese vliegongeluk oorlede. Meelewing word met die Dreyerfamilie betuig.

- **Mev Petronella Hendrika Storm** (née Breytenbach), weduwee van ds Jan David Storm, word op 26 Mei **103 jaar oud**. Sy woon steeds op Bronkhorstspruit. Ons beste wense vergesel haar.

- **Ds Thys Redelinghuys** van **Gemeente Roedtan** en sy vrou, Hermien**,** besoek **Gemeente Harare** hierdie naweek. Ds Redelinghuys sal ook Sondagaand die erediens in die Laeveld waarneem en gedurende die naweek lidmate besoek.

- **Ds Eksteen Botes**, voorsitter van die Komitee vir Afrikabediening, besoek van Vrydag 21 Mei af Afrikaanssprekende lidmate van die kerk in Suid-Afrika wat tans in **Uganda** is. Hy keer weer op 31 Mei terug. Die lidmate daar dra die koste van die besoeke wat hy van tyd tot tyd doen. Daar is groot dankbaarheid teenoor die kerkraad van Nelspruit wat telkens aan ds Botes geleentheid bied om bedieningswerk buite die grense van die Republiek te doen. Ds Botes het veral 'n groot aandeel gehad aan die vestiging van Gemeente Nkana in Zambië.

- Die verf- en restourasiewerk aan die **kerkgebou van die NG gemeente Bulawayo** waarvoor heelwat gemeentes van die Kerk bygedra het, het in alle erns begin. Steierwerk is gratis bekom en 'n kontrakteur doen die werk teen

Ds Eksteen Botes

’n billike prys. Die kerkgebou word ook deur die Hervormers gebruik nadat hul kerkgebou in die dienstyd van ds Buks van Heerden verkoop is. Die twee gemeentes funksioneer geruime tyd reeds as een gemeente en werk in alle opsigte saam. Die meeste eredienste word deur ouderlinge gelei, en een keer per maand deur ’n predikant van die Hervormde Kerk.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 21 Mei: Ds Johan van Greunen
  - Sondag 23 Mei: Ds Johann de Bruin
  - Maandag 24 Mei: Ds Robert Jones
  - Dinsdag 25 Mei: Di Rudi Botha, Johan Koekemoer en Danie Taljard
  - Woensdag 26 Mei: Di Jackie Dippenaar en Piet Viljoen
  - Donderdag 27 Mei: Ds Piet Steenkamp
  - Vrydag 28 Mei: Ds Louis Pienaar

- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV)** kom op **Donderdag 3 en Vrydag 4 Junie** vir hul kwartaallikse vergadering byeen. Dit is die laaste vergadering voordat die agenda vir die 69ste AKV gefinaliseer word. Alle ringsvergaderings, rade, komitees en kerkrade moet toesien dat sake wat die aandag van die Kommissie moet geniet, die sekretaris **op die laatste op 24 Mei** bereik. Die konsepagenda van die AKV sal teen die middel van Junie deur die Agendakommissie gefinaliseer word.

- Die volgende **ringsvergaderings** moet nog plaasvind:

  - 22 Mei Zeerust, te Zwartruggens
  - 23 Mei Trichardtsfontein, te Trichardtsfontein

’n Jonger prof Theuns Dreyer

- Die ringsvergaderings was vanjaar besonder suksesvol. Interessant is dat **prof Theuns Dreyer** sy laaste ringsvergadering as lid van die Kommissie van die AKV bygewoon het. Hy het die **ring van Lydenburg** se vergadering geopen en waardevolle insette gelewer. Sy verbintenis met ringsvergaderings as lid van die Kommissie strek oor baie jare en sal in die toekoms gemis word.

- Die **ring van Rustenburg** het vanjaar in die nuwe kerkgebou van Gemeente Rustenburg vergader.

- **Gemeente Pretoria-Noord** het besluit om sy standplaas te wysig na **deelversorging** weens die geweldige verlies aan lidmate. Die ringsvergadering wat op Maandag 17 Mei sitting geneem het, het die wysiging so aanbeveel, maar dit moet nog deur die Kommissie van die AKV bekragtig word. Enkele jare gelede was daar twee volledig versorgde standplase in die gemeente.

- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** is tans by Gemeente Meyerspark aan die gang. Dit duur nog tot **Saterdag 22 Mei**.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van ’n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik.



- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Dit is 'n besluit van die AKV dat predikante die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** elke jaar moet bywoon. Die datums van die VTT vir 2010 is vasgestel vir **1 tot 2 Junie** en **9 tot 10 November**. Die tema is *Traumaberading.* Die kursus, wat om 09:30 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Verwittig mev Betsie Brits **voor 26 Mei** indien u die VTT gedurende Junie wil bywoon. Kontak haar by **betsie.brits@up.ac.za** of per faks by 012 420 4303. Die registrasiefooi moet asseblief vooraf elektronies of per bankdeposito betaal word.

Naam van rekening:	Kerkgeld vir Kerkwerk
Instansie:	ABSA
Rekeningnommer:	020 149 752
Takkode:	63 20 05
Verwysing:	2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

- Die jaarlikse **Bybelvasvra** handel vanjaar oor die **pastorale briewe**, 1 en 2 Timoteus en Titus. Verskeie gemeentes het al navraag gedoen oor die nuwe Bybelstudiegids wat dr Gerhard Nel geskryf het. Om 'n splinternuwe Bybelstudiegids te skryf, is egter 'n groot werk, en om 'n manuskrip in netjiese boekvorm uit te gee, net so groot. Die proses het ongelukkig langer geneem as wat ons beplan het, en daarom het die organiseerders van die Bybelvasvra en SENTIK besluit om met die Bybelvasvra voort te gaan sonder die nuwe Bybelstudiegids. Die bestek vir hoërskool- en naskoolse groepe bestaan daarom vanjaar slegs uit die Bybelboeke self, en die artikels van dr Nel wat in *Konteks* verskyn het. Die artikels is op *Konteks* se webblad beskikbaar, by **http://www.konteks.co.za/bybelvasvra.htm**. SENTIK sal die gemeentes nogtans in kennis stel wanneer die nuwe Bybelstudiegids gereed is, want dit is ook ideaal vir Bybelstudie van individue en groepe in die Kerk.

- **Gemeente Montana** het 'n **elektroniese Thomas kerkorrel te koop**. Die prys is onderhandelbaar. Kontak Johan Lottering by 082 781 0658 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753.

Spesiale eredienste en feesnaweke

Ds Johan Smit

Ds Jaco Vogel

- **Ds Johan Smit**, vroeër predikant van Gemeente Brakpan-Harmonie en voormalige bestuurder van To Care, het vanjaar besluit om vervroegde emeritaat te aanvaar. Vir die geleentheid van emeritaataanvaarding lei hy op **Sondag 23 Mei** die erediens in **Gemeente Brakpan-Harmonie**. Oudl Johan Steyn, lid van die Kommissie van die AKV, sal die emeritaatakte aan ds Smit oorhandig. Kontak Hannelie by 011 740 9683 of ds Hannes Jansen van Rensburg by 082 711 7375 vir meer inligting.

- **Ds Jaco Vogel**, wat op 1 Mei in **Gemeente Rooihuiskraal** die leisels opgeneem het, word op **Sondag 23 Mei** deur dr Wian Kloppers bevestig. Die erediens begin om 09:00.

Ds Fanie Hoffman

- **Ds Fanie Hoffman** en sy vrou word op **Sondag 23 Mei** deur **Gemeente Waterval Boven** ontvang nadat hy die beroep na die kombinasie Belfast/Waterval Boven aanvaar het. Die nuutgevormde kombinasie betrek twee gemeentes uit twee ringe en lui 'n werkmetode in wat in die toekoms waarskynlik op meer plekke in die Kerk toegepas sal moet word.

- Die **NHSV** se 70 jaar-feesvieringe word voortgesit oor die naweek van **22 tot 23 Mei** met 'n **feesboodskap** vanaf die hoofbestuur en die uitdeel van

glansbrosjures, waarna die dames van die gemeentes die lidmate sal bederf met ’n gemeentetee/-ete.

- **Gemeente Wonderboompoort** bied op **Sondag 23 Mei** om 09:00 ’n **Pinksterlofprysingsdiens** met Rina Hugo en Jammies Jamneck aan in hul kerkgebou op die hoek van Mansfieldlaan en Eloffstraat. Kom hoor wat doen die **Christelike Seemansorganisasie (CSO)** in Suid-Afrikaanse hawens. Die deurkollekte is ten bate van die CSO. Hulle gaan ook ’n Bybelberg bou – bring Bybels vir Bybelloses! Geniet daarna muffins en tee, want die NHSV is 70! Skakel 012 335 0040 vir meer inligting.

- Die **nuwe kerkgebou** van **Gemeente Rustenburg** word ingewy op **Sondag 30 Mei** om 11:00. Ds en mev Johan van Wyk het leiding aan die gemeente gegee en hard gewerk om dié ideaal vir die gemeente te help verwesenlik. Oudlidmate en belangstellendes wat die geleentheid wil bywoon, moet asseblief hul teenwoordigheid bevestig by die sekretariële beampte, mev Mari Wienek. Kontak haar by **nhkruse@telkomsa.net**, 014 537 2488 (soggens) of 084 208 7445 of.

Ds Marthinus van Staden

- **Gemeente Gaborone** beplan om hul **voltooide kerkgebou feestelik in gebruik te neem** op **Sondag 30 Mei**. Op Saterdag 29 Mei kom almal van 15:00 af by die kerkterrein bymekaar vir ’n program en ’n skaapbraai. Op **Sondag 30 Mei** word die fees voortgesit met ’n **Nagmaalerediens om 09:00** waarby die vorige predikante van die gemeente betrek sal word. Hulle nooi alle belangstellendes en lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was om saam fees te vier. Kontak ds Marthinus van Staden by **mvansta@xsinet.co.za** of 00267 713 07197, of besoek hul webblad by **www.nhgaborone.org** vir meer besonderhede.

Ds Herman Gothan

- **Gemeente Heilbron** word die naweek van **23 September 2011 100 jaar oud**. Hulle gaan verskeie projekte aanbied ter herdenking van die eerste 100 jaar van die gemeente se bestaan. Die hoogtepunt sal ’n **tradisionele basaar en Nagmaalnaweek** wees van **23 tot 25 September 2011**. Hulle versoek alle oudpredikante, oudkerkraadslede en oudlidmate om dokumente, foto’s, staaltjies of nagedagtenis waaroor u van die gemeente beskik, met hulle te deel. Relevante inligting sal in ’n Gedenkalbum opgeneem word. Kontak ds Herman Gothan by 058 852 1174, 082 773 4740 of **hfg@risp.co.za**.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 Mei: Gemeente Krugersdorp Familiefees**
  Vrydag: kore; Saterdag: Bobby van Jaarsveld; Sondag: Gospelfees met Diesel, Zoë en Louis Brittz
  Kontak ds Hein Delport by 082 341 7205 vir meer inligting

- **Donderdag 3 Junie om 19:00: Navi Redd in die Eeufeessaal, Krugersdorp**
  R50 per persoon, ten bate van die NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek
  Kaartjies by M Fourie, 011 953 1402

- **Saterdag 5 Junie om 10:00: Gemeente Noordrand Damesoggend**
  High tea met Brumilda van Rensburg oor *’n Tyd om te volhard*
  R60 per persoon
  Kontak Anette Coetzee by 084 500 3989 vir meer inligting

Kampe en toere

- **31 Mei tot 5 Junie: Gemeente Gaborone in Botswana Vliegsafari**
  Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of **rudie@dewetdrilling.co.bw**,

Guillaume Knipe by +267 713 00646 of **gknipe@work.co.bw**, of Jan de Wet by +267 713 00168 vir meer inligting

- **31 Mei tot 7 Junie 2010: Toer na Israel**
  Vyfsterakkommodasie en -versorging teen R19 000 alles insluitend
  Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**

- **15 November tot 17 Desember 2010: Prof Malan Nel se studietoer**
  Besoeke aan 21 plaaslike gemeentes en 6 teologiese seminaria
  Skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za** vir meer inligting

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Saterdag 29 Mei: Gemeente Piet Retief Visvangkompetisie by Heyshopedam**
  R80 per persoon met twee stokke
  Wen 'n week lange vakansie aan die Natalse Noordkus
  Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220
  19:00: Damdans
  R50 per persoon (ete ingesluit)
  Kontak Graeme Bennie by 082 782 2123

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: *Wen-'n-boerdery-kompetisie* se wenners**
  1ste prys: Ferreira Kleinkinders
  2de prys: Mev A van der Linde van Bosmansrus
  3de prys: J Vosser van Stella

- **Gemeentes Primrose en Primrose-Oos: Saadjieprojek**
  In 2010 is 380 Bybels aan drie laerskole (Oosterkruin, President en Sunnyridge) verskaf
  In 2011 wil hulle nog 'n laerskool (Primrose Primary) betrek
  Kontak Antoinette Jacobs by 071 672 6794 met 'n **donasie** (kontant of Bybels)

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg: Projek Handdoeke**
  Begin op Vrydag 4 Junie met sop-en-sjerrie-aand
  Kontak Annatjie by 015 295 5464 of **annatjiesandrock@gmail.com**

- **Gemeente Pretoria-Noord: Hamburgers 4 Junie**
  1 000 burgers in 12 ure 06:00 tot 18:00 teen R15 elk
  Bestel meer as 25 en hulle lewer af binne radius van 15 km vanaf gemeente
  Kontak Erica by 012 546 6445 of **erica@toit.co.za**

- **Gemeente Losberg: Fondsinsameling vir basaar van 28 Mei**
  Replika van 1931 Chevrolet Roaster, handgemaak van rooshout
  Koop kaartjie teen R10 en maak 'n aanbod
  Skakel 018 771 2617 voor 28 Mei om deel te neem

- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket met trekking 2 Julie**
  Vir diakonale dienswerk soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys en barmhartigheid
  5 pryse te wen vir slegs R50: blouwildebees, blesbok, lam, vark en 4 kg biltong
  Skakel 018 771 2617 om in te skryf

- **Gemeente Randburg: Vakansie vir twee na Egipte**
  Deel van basaar op 5 Junie, met wins vir barmhartigheid
  Kaartjies teen donasie van R100 by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of **elna@nhk-randburg.co.za**

- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**
  Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500
  Sluitingsdatum vir inskrywings Vrydag 16 Julie
  Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie met trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie
  Eerste prys 1 x buffelkoei, 2 x blouwildebeeste, 1 x koedoe, 1 x blesbok, 1 x rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
  Tweede prys voëljag plus akkommodasie vir 10 vir twee dae
  Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of **jagkompetisie@gmail.co.za**
  Absa Spaarrekening; takkode 632005; rekeningnommer 924 227 4630.

- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket**
  Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf
  R50 inskrywingsgeld (inskrywingsvorm by **info@nhksuid.co.za**)
  Sluitingsdatum vir inskrywings 16 Julie
  Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of **info@nhksuid.co.za**
  (Sien volledige advertensie op bladsy 10)

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Saterdag 22 Mei: Gemeente Benoryn in Benoni Herfsfees**
  Nasionale Bloedbank, veteraanmotorskou, uitstallers
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of 011 849 3266

- **Donderdag 27 tot Saterdag 29 Mei: Gemeente Wonderfontein in Oberholzer Winterskou**
  Juanita du Plesssis, Beeskraal en Bok van Jaarsveld, Elisma en Fredi Nest
  Baba-en-kleuter-kompetisie, Mnr en Mej Winterskou 2010
  Staanplekke vir buitengewone ware – stuur faks na 018 786 3481
  Sondagoggend 30 Mei lofdiens
  Kontak ds Nickie Alberts by 018 788 5071, 083 783 8143, 018 786 8143 of 082 713 4544

- **Vrydag 28 en Saterdag 29 Mei: Dora Theo Gemeente in Kimberley**
  Basaar en Gospelfees met **Uitverkoop** en **Willie Joubert** by Hoërskool Diamantveld

Kontak ds Hennie Pretorius by **hennie@noordkaapkerk.co.za** of 053 832 4018

- **Vrydag 28 Mei: Gemeente Losberg in Fochville basaar**
  Teetuin, vleis, pret en speletjies
  Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089

- **Vrydag 28 Mei**: **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin basaar en koorfees**
  Ontbyt vanaf 06:00 en aandete vanaf 18:00
  Koorfees onder vaandel van ATKV met kore van hele Noordwes van 14:00 af
  Besighede/skole kan bestellings plaas **voor Woensdag 26 Mei**
  Wen 'n tollie of R5 000 kontant vir slegs R5
  Kontak Roenie van Zyl by 082 458 1257, ds André Ungerer by 082 940 8201, of die gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545

- **Saterdag 29 Mei**: **Kuruman-kombinasie Kameeldoring-karnaval**
  Bok van Blerk, Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars – toegang gratis
  Wen gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8, Mercedes Benz 240D, vleispakket of week lange vakansie in Umdloti teen R100 per kaartjie
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266

- **Saterdag 29 Mei van 08:00 af**: **Gemeente Derdepoort *Bargain-Brekfis***
  Ontbyt die hele dag, veiling en Rudi van Niekerk as gaskunstenaar

- **Saterdag 29 Mei: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort basaar**
  Piet Patat, Abrey van der Westhuysen van Limpopo, Heinz Winkler, Bobby van Jaarsveld en Nicholis Louw – toegang gratis
  Kontak Mientjie by 083 536 1530

- **Saterdag 29 Mei: Gemeente Lichtenburg Oesfees**
  Basjan met twee vertonings – toegang gratis
  Veiling met uitsonderlike items, vars vleis en 'n plaasstal
  Wen R15 000, vakansie te Margate, slagos, motorfiets, Wii-speletjie, skaap of handgemaakte kettie vir R20
  Kontak Izak Smit by 082 879 9550 of **i.smit@argosa.co.za**;
  Willie Manders by 018 632 4830 of **williemanders@arestan.co.za**; of
  ds Gerrie Senekal by 082 576 1141, 018 632 2658 of **gcsenekal@nhk.co.za**; of besoek **www.nhk-lichtenburg.co.za**

- **Vrydag 4 en Saterdag 5 Junie: Gemeente Wesmoot basaar**
  By Makro Wonderboom, tema *Wêreldbekersokker 2010*
  4 Junie boeredans by Hoërskool Tuine Tegnies, 5 Junie basaar
  Wen een van twee rooibokke
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183 vir 'n kaartjie teen R20 stuk
  Sondag 6 Junie om 18:00: Lofprysingsdiens

- **Saterdag 5 Junie: Gemeente Groot Marico Safarikarnaval**
  Thys die Bosveldklong – toegang gratis
  Kunswerke en antieke meubels op veiling
  Kontak ds Willem Sauer by 079 699 1237
  Besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**

- **Saterdag 5 Junie: Gemeente Van der Hoff in Groblersdal *Potbelly*-basaar**
  Potjiekoskompetisie met heerlike pryse
  Wen 'n grassnymasjien-trekkertjie Husqvarna CT126 met donasie van R100
  Skakel 013 262 2728 van 08:00 tot 12:00, ds Johan du Preez by 013 262 4266, of Kobus Ehlers by 082 692 9809

- **Saterdag 12 Junie: Gemeente Koedoesrand Bosveldkarnaval te Swartwater**
  Steve Hofmeyr die aand en Nagelique deur die dag
  Hoender- en varkvang, krokodilproe, kettieskiet, bergfietswedren en meelbomkompetisie met slagbees te wen
  Grootskermrugby (Suid-Afrika teen Frankryk)
  Besoek **www.bosveldkarnaval.co.za** vir meer inligting

- **Saterdag 26 Junie: Ring van Noordelike Pretoria Joy X Fest**
  Om buitelandse besoekers aan ons kultuur en disse bekend te stel
  Tradisionele disse en drinkgoed, ou motors en masjiene, kamp- en akkommodasieverskaffers, jagpakkette, die CSO, Bybelgenootskap en ander Uitvoerings, storievertellers met vertalings in Spaans, Duits, Engels en Frans op groot skerms
  Die aand tradisionele kampvuurkonsert met kunstenaars
  Kontak Cathrina Cronje by 072 237 8601 of Phillip Bester by 082 333 3657 of **joyxfest@gmail.com**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**
  Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi
  Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

ANDER NUUS

- **Adv Jan Verster**, voormalige predikant van die Kerk, is op 14 Mei oorlede. Sy begrafnis vind op Donderdag 20 Mei om 10:00 plaas uit Gemeente Silverton.

- Die **Nederlandssprekende Gemeente** in Parktown, Johannesburg, beskik oor ’n werkgeleentheid vir ’n **deeltydse Pastoralesorgwerker** (80 uur per maand). Die gemeente het 120 lidmate, meestal ouer mense. Stuur ’n CV aan Nicolette van den Eijkel by **nvdeijkel@mweb.co.za** voor 31 Mei 2010. Kontak haar by 083 308 5536 vir meer inligting.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei: Algemene Diakensvergadering
  - Woensdag 26 Mei: Die Ondersteuningsraad (Finkom)
  - Donderdag 27 Mei: Die Ondersteuningsraad (Bestuur)
  - Vrydag 28 Mei: Raad van Finansies

KOMMENTAAR

Die *e-Hervormer* word tans aan 2 665 direkte ontvangers gestuur

“Dankie vir ’n puik stukkie leesstof elke week!”

André en Machtild du Plessis

“Die voorbladartikel van dr Piet van Zyl in die *e-Hervormer* van 6 Mei verwys.

Ek kan nie anders as heelhartig met u uitgangspunt saamstem nie. Inderdaad moet ons al meer besig wees met God se kerk, of dalk beter, God se skepping, aangesien die begrip *kerk* al soveel emosie en wanpersepsie ontketen. Ek is van mening dat dit net soveel makliker is vir ons as mense om eerder oor die kerk te praat as oor God. Dit is tog wat ons elke dag sien (by wyse van strukture, mense en uitsprake), terwyl ons so maklik vir God miskyk, al is Hy nog meer sigbaar as die kerk. Dit is net ons blindheid wat ons verby Hom laat kyk.

Ek dink egter ook dat deur te verwys na verlore lidmate van die Kerk ons maar doodeenvoudig weer eens besig is om in die slaggat te trap deur van die kerk te praat. Dit is sekerlik so dat die sukses van 'n kerk (of enige ander instansie) gemeet kan word aan hoeveel lede (verkope, omset, geld, dinge...) hy het, en vir die gemeente of kerk is dit waarskynlik, menslik gesproke, die verskil tussen lewe en dood van die kerk.

Die vraag wat my gewete aankla, is of die dissipels, of Jesus self, enigsins bekommerd was oor hoeveel nuwe lidmate hulle bymekaar kon kry in hul kerk, of het hulle eerder gewerk aan hoeveel mense bearbei kon word met die heerlike uiteindelike doel van nog 'n geredde siel? Hoekom is ons dan so opgeskeep met lidmaatgetalle (eintlik maar net nuttelose statistieke aangesien hoogstens 10% in 'n gemeente werklik aktief is en dalk so 30% van tyd tot tyd eredienste bywoon), of Volkskerk al dan nie, of ordereëls of ordinansies?

Moet ons nie eerder al ons energie ingooi om ander te lei na 'n pad wat op redding en verlossing uitloop nie, in stede daarvan om die handjievol in die erediens so vir amper 'n uur 'n bietjie lekker te laat voel nie?

Dankie, dr Piet, vir die saadjie wat u by my gesaai het."

Hannes Combrink, Wapadrant

ADVERTENSIES

Gemeente Vanderbijlpark-Suid bied 'n kompetisie aan en die prys wat gewen kan word, is 'n Jagpakket. Deur net een vraag te beantwoord, kan jy die wenner wees.

Die pakket bestaan uit wild ter waarde van R6 000 (saamgestel uit 'n koedoe of 'n blouwildebees en rooibokke volgens waarde), asook selfsorgverblyf vir 5 persone vir 3 nagte in 'n luukse kamp (waarde R4 500) op die jagplaas Bougasvlei en Ranch on Camel Creek in die Thabazimbi-distrik. Die pakket moet geneem word van 5 tot 8 Augustus 2010. Die jag is onderhewig aan die plaasreëls. Gidse, slagters, koelkamer ingesluit. Jagvoertuig beskikbaar – jagter moet diesel voorsien. Langer verblyf, meer persone in die groep of die jag van meer wild kan met die eienaar ooreengekom word teen die heersende tariewe vir die 2010-jagseisoen.

Die R50-inskrywingsgeld moet die inskrywing vergesel. Kry die inskrywingsvorm by **info@nhksuid.co.za**. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 16 Julie 2010. Die wenner sal telefonies of per pos in kennis gestel word. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van Gemeente Vanderbijlpark-Suid.

Vir meer inligting, kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of by **info@nhksuid.co.za**.

****

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan normaalweg uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op

die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.

- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- **Die koste is R114 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005

  Verwysing: SENTIK Ads

AGTERBLAD

Toerustingskursus vir Ouderlinge

Die hersiene weergawe (2010) van die Toerustingskursus vir Ouderlinge is nou beskikbaar.

Hierdie inligting word vir ouderlinge beskikbaar gemaak en vorm die basis van wat ons hoop 'n deurlopende toerustingsprogram in gemeentes en ringe sal wees. Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan sodanige inligting, en ons vertrou dat dit met entoesiasme ontvang sal word. Natuurlik is dit nie 'n eerste poging nie. Ons bou hierin voort op die Ouderlingtoerustingsprogram wat 'n vorige Raad vir Ouderlinge saam met die destydse KITAL uitgegee het.

Ons beleef egter verandering en veranderende tye – ook op die terrein van ons kerkwees en die eise wat aan ouderlinge gestel word. Daarom is daar indringend gekyk na eise wat in die huidige tyd aan ouderlinge gestel word. Hierdie pakket vorm deel van die basis en vertrekpunt waarmee ons dink ouderlinge die uitdagings tegemoet kan tree.

Die uitdagings vir die Kerk is baie en groot. Ons ouderlinge het in hierdie saak 'n wesenlike rol om te vervul om die gemeentes voor te gaan en te lei sodat ons waarlik en al hoe meer kerk van Christus kan wees.

Die kursus kan elektronies aangevra word van mev Betsie Brits, by **betsie.brits@up.ac.za**, of bestel word van mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za** of 012 322 8885 x291. Die koste is R25 per hardekopie eksemplaar (posgeld uitgesluit).

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse